

Kimberly Slifer van die [Official CCC Social Group](#) op Facebook het my genader om 'n kombers te ontwerp vir n saamhekel projek vir 2016. Ek was geëerd, opgewonde en sommer heel in my skik!

Die idees wat deur my kop maal het my bykans mal gemaak. Ek het ook geweet dit moet iets baie spesiaal wees, en so word die idee gebore van 'n GROOT Mandala. Soos ek werk aan die Mandala ontwerp dink ek al hoe meer wat 'n mal idee, vandaar die naam "Mandala Madness" ;)

Nadat julle 'n voorskou van hierdie projek gesien het vroeg in Desember 2015, het julle my net nog meer opgewonde gemaak, soos n vierjarige wat wag vir Kersfees!

♥ Wat presies is 'n Mandala?

Die maklikste manier om te verstaan is om te dink aan 'n simboliese interpretasie van die heelal, heilig en gebaseer op n sirkel. Die woord "Mandala" se oorsprong is vanaf die antieke "Sanskrit" taal. Losweg vertaal is dit n sirkel. 'n Mandala is ook nie net n gewone vorm nie, dit verteenwoordig 'n geheel en kom voor in alle aspekte van die lewe: die aarde, son, maan asook sirkels van vriende, familie en gemeenskappe.

Om 'n Mandala vir 'n groep te ontwerp bring mense bymekaar en hulle kan hulself uitleef in hul eie unieke struktuur.

Daar is baie gebruike vir n Mandala.

Die ontwerp van die Mandala moet so visueel aantreklik vir jou gedagtes wees sodat jy aan geen slegte en irriterende dinge kan dink nie. Dit moet vir jou soos meditasie wees sodat jou kreatiewe denke kan los kom en vry wees!

Dis juis waarom ek gedink het dit sal die perfekte projek wees vir ons om saam te kom en ons passie vir die kuns te deel!

♥Belangrik: *Wees asseblief bewus daarvan dat my patrone (gratis of betaaldes) beskerm word deur kopiereg. Die patroon behoort aan my, Helen Shrimpton, en ek behou alle regte van daardie patrone. Jy mag nie die patroon kopieer, reproduseer, herversprei, verkoop of wysig as gedeeltelik of geheel nie. Jy mag wel jou voltooide produk verkoop, maar jy mag ook nie fotos daarvan versprei om verkope te bevorder nie (tensy jy die skakel plaas van waar my patroon beskikbaar is).Jy moet altyd krediet aan my gee vir die ontwerp van my patrone wat jy gebruik het. Jy mag ook nie die pdf dokument deel van my plasings nie. Wanneer iemand graag wil deel wees van die saamhekel projek kan jy wel vir hulle die skakel na my blog gee sodat hulle self hulle eie dokumente kan aflaai. Kyk ook na my Gebruikers Terme (Terms of Use) vir verdere besonderhede. Jy kan my ook direk kontak by die Kontak deel aan die bokant van hierdie blad.*

Hierdie projek gaan 'n sirkelvormige kombers wees.
Dit gaan uit 18 weeklikse dele bestaan.

Daar gaan baie tekstuur en nuwe steke wees, en dit is beslis n projek vir hope kleure!

Jy kan die kleure volg wat ek gebruik het, of jy kan die “Mandala Madness” in enige rigting van jou keuse neem.

Daar gaan 4 opsies wees om die patroon te volg.

- ♥ Jy kan dit op my blog volg.
- ♥ Jy kan 'n foto tutoriaal aflaai in pdf formaat.
- ♥ Dit is ook aflaaibaar as geskrewe patroon in pdf formaat met n kleiner foto.
- ♥ Daar is ook videos van Esther Dijkstra van itsallinanutshell.com om te volg.

Die patroon word op die oomblik vertaal deur 'n groep dames van die saamhekel groep op Facebook en sal in sewe tale beskikbaar wees.

Duits ♥ Sweeds ♥ Frans ♥ Germaans ♥ Spaans ♥ Pools ♥ Afrikaans

♥ Benodighede

Wag eers, ons kom nog daar..... Eerstens n bietjie inligting oor waarmee ek gewerk het en wat beskikbaar is vir jou om mee saam te hekel. Die projek word geborg deur Scheepjes en hulle het 3 pakette beskikbaar om aan te koop. Die hoof winkels om by te bestel is Deramores, Paradise Fibres en Wool Warehouse. Diegene in Suid Afrika kan enige ander dubbeldraad wol of katoen gebruik. Meer hieroor later.

♥ Meer oor die gare.

Eerstens is die mooi sagte en gladde Merino Soft wat 'n dubbeldraad gare is en beskikbaar is in 50g bolle met 'n middelpunt draad en 'n lengte van ongeveer 105 meter. Hierdie gare is 'n fees om mee te werk omdat dit los draaie maak wat pragtig drapeer op jou finale produk.

Die beste manier om jou nuwe bal of kleur te heg is die “Text Book Join”. Dis baie eenvoudig omdat jy net oor die nuwe garing werk vir n paar steke en soos jy 'n nuwe steek optel tel jy sommer die nuwe gare ook op by die basis van die steek, dan hou jy net aan werk bo oor jou ou garing vir n paar steke. Daarna werk jy die drade weg soos jy hekel of aan die einde van jou projek.

Merino soft is 'n wasbare 50% “Ekstra Fyn Merino” Wol, 25% mikro en 25% Akriel garing.

Scheepjes beveel aan dat jy dit in koue water was met 'n kleurvanger vel omdat kleursel soms afkom op natuurlike vesels.

Volgende het ons die “Colour Crafter” gare, wat ook dubbeldraad is maar 100% goeie gehalte akriel.

Scheepjes beveel aan dat jy dit in koue water was.

Dit is sag en maklik om mee te werk. Dit is beskikbaar in 100g bolle met 'n lengte van ongeveer 300 meter. Gebruik die glysirkel, russiese hegting of die standaard “Text Book

Join” om nuwe kleure of bolle te heg.

Ek het vir my pers passie “Mandala Madness” my 4.5mm “Clover Armour Hook” omdat ek ‘n ligter tekstuur in gedagte het, maar jy kan ook met ‘n 4mm werk.

Ten einde laas “Big Earth Momma Mandala Madness”, Stonewash XL, en hierdie een is een groot swaar mamma!!!

Stonewash XL is beskikbaar in 50g bolle met ‘n middelpunt draad en ‘n lengte van ongeveer 75 meter. Dit bestaan uit 70% katoen en 30% Akriel gare.

Scjeeperjes stel koel tot warm water voor vir was en die produk kan in die tuimeldroër geplaas word.

Hier volg ‘n diagram met al die besonderhede. Wees asseblief bewus daarvan wanneer jy baie kleure gaan gebruik dat jy ekstra gare moet aankoop, dit is waarom ek die hoeveelhede gebruik aandui asook die verpakking hoeveelhede.

	Rainbow	Purple Passion	Big Earth Momma
♥ Yarn Weight	Double Knit	Double Knit	Aran/ Worsted
♥ Hook Size	4mm UK 8 US G/6	4.5 mm hook (US G/6 UK 8	5.5 mm hook (US I/9 UK 5) *
♥ Meters/ Yards	4935 meters / 5397 yards approx.	4800 meters / 5250 yards approx.	6300 meters / 6890 yards approx.
♥ I used	4496 meters / 4917 yards approx.	4335 meters / 4741 yards approx.	6026 metres / 6590 yards approx.
♥ Finished Size Diameter	1.63 meters 64 inches/5 feet 4 inches	1.78 meters 70 inches/5 feet 10 inches	2.29 meters 90 inches/7 feet 6 inches



♥ Colours			
	3 x 648 De Goya	3 x 1425 Deventer	5 x 857 Citrine
	3 x 640 Warhol	3 x 1277 Amstelveen	9 x 862 Brown Agate
	3 x 625 Kadinsky	3 x 1432 Heerlen	8 x 853 Amazonite
	3 x 626 Kahlo	3 x 1188 Rhenen	9 x 855 Green Agate
	3 x 615 Soutine	3 x 1130 Sittard	14 x 858 Lilac Quartz
	4 x 614 Magritte	3 x 1435 Apeldoorn	13 x 851 Deep Amethyst
	4 x 611 Mondrian	3 x 1203 Heerenveen	12 x 860 Rose Quartz
	3 x 613 Giotto	3 x 1099 Wolvega	14 x 848 Conundrum Ruby
	3 x 647 Titian		
	2 x 636 Carney		
	4 x 639 Monet		
	4 x 638 Hockney		
	4 x 619 Gauguin		
	5 x 623 Rothiko		

Al hierdie garing is beskikbaar by "Paradise Fibres", Wool Warehouse en Deramores

Die direkte skakels vir die kleurpakette is onderaan.

- ♥ Deramores
- ♥ Paradise Fibres
- ♥ Wool Warehouse

Vir die van julle wat julle eie garing wil gebruik sal julle die volgende nodig

Dubbeldraad 4800 meter

Aran dikte draad 6300 meter

Kry eerder meer as minder gare om sodoende die kleurverandering in ag te neem..... dit is altyd beter om te veel as te min te hê as wat jy nie weer daardie selfde kleur kan kry nie. Maak mens kwaad né?

♥ Bronne

Tutoriale – Elke deel van die patroon word elke Donderdag aand 7 namiddag hier en op my blog gepubliseer. Dit is sodat elkeen so bietjie oor die naweke kan hekel regoor die wêreld!

Video tutoriaal – Daar gaan ook skakels na videos wees deur die wonderlike Esther Dijkstra van itsallinanutshell.com, asook die vertalings.

PDF dokument – Daar sal verskeie aflaaibare dokumente op my blog wees vir elke week se deel. Jy kan kies tussen 'n patroon met fotos of slegs die geskrewe een.

Nuusbrief. As jy nog nie aangesluit het om my Nuusbrief (Newsletter) te ontvang nie, moet jy dit dadelik doen sodat jy niks mis van die saamhekel nie.

Ravelry. Sit asseblief die saamhekel by jou [Ravelry queue](#).

Facebook. Sluit aan by die [Official CCC Social Group](#) , hulle bied hierdie “Mandala Madness”aan vir 2016 en sal altyd vriendelike en ondersteunende hulp bied sodat jy nie moed opgee nie! Moenie vergeet om by my facebook blad aan te sluit nie, daar kan jy nog inligting kry oor die saamhekel en nog ander prrojekte sien waarmee ek besig is.

Vertalings. Ek is opgewonde om met julle te deel dat die saamhekel vertaal gaan word in sewe tale! Dames van die [CAL - Crochet A Long](#) is betrokke hierby.

♥ Vertalings

- ♥ Dutch CAL Translation by Yael, Jolanda and Naomi-The Netherlands
- ♥ German CAL Translation by Monika-Germany Gaby-Germany
- ♥ Spanish CAL Translation by Lynda-Belgium Massiel-USA Betty-Puerto Rico
- ♥ French CAL Translation by Boa-France Imene-France Aliénor-France
- ♥ Swedish CAL Translation by Camilla-Sweden Monika-Germany Ulrika-Sweden
- ♥ Polish CAL Translation by Anna- Poland Bunia-Ireland
- ♥ Afrikaans CAL Translation by Crochet in Paternoster - SA

♥ Afkortings en Spesiale steke

US standaard afkortings word deurgaans gebruik.

'n Afkorting diagram word ingesluit by die voorblad van elke deel van die saamhekel. Daar sal ook volledige instruksies wees van spesiale steke wat jy vir elke rondte gaan gebruik in die patroon.

♥ Moeilikhedsgraad

Ek moedig enige graad van ondervinding aan – beginner tot professionele hekelaar. Daar is 'n paar moeilike dele maar terselfdertyd ook maklike dele, dit is maar wat jy maak daarvan. Wanneer mens al iets vantevore gedoen het is dit maklik en jy verstaan dit beter 'n volgende keer. Wanneer jy nog nooit iets probeer het nie dan is dit natuurlik

moeiliker, dis waarom daar hulp en ondersteuning beskikbaar is in ons wonderlike sirkel van mense in die saamhekel groep.

Ek sien vreeslik uit na die internasionale projek en al die energie wat die gemeenskap het om te bied.

♥ Skakels na die weeklikse dele

Deel 1 - 17 Maart

Deel 2 - 24 Maart

Deel 3 - 31 Maart

Deel 4 - 7 April

Deel 5 - 14 April

Deel 6 - 21 April

Deel 7 - 28 April

Deel 8 - 5 Mei

Deel 9 - 12 Mei

Deel 10 - 19 Mei

Deel 11 - 26 Mei

Deel 12 - 2 Junie

Deel 13 - 9 Junie

Deel 14 - 16 Junie

Deel 15 - 23 Junie

Deel 16 - 30 Junie

Deel 17 - 7 Julie

Deel 18 - 14 Julie